**Dinsdag 31 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 110; Matteus 22:41-46 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:44**

## Christus regeer!

Die Seun van God, ons Verlosser, is ook die ewige Koning. Hy is nie ’n afwesige Koning nie, maar aktief in elke dag se gebeure betrokke.

Ten spyte van onreg wat so dikwels lyk asof dit seëvier, en oorloë wat om ons woed en al die haat en vervolging waaraan mense blootgestel word, is Christus steeds Koning. Hy is met die wêreld op weg na die volkome nuwe hemel en aarde van vrede en geregtigheid. En ons loop saam!

Psalm 110 voorspel die koningsheerskappy van Christus. Die volk van die Ou Testament moes geleer word dat die eintlike Koning van God sal kom om die wêreld van boosheid te verlos en die ewige Koninkryk binne hierdie verwarde aardse bedeling te vestig.

In Matteus 22:44 betrek Jesus hierdie profesie van Psalm 110 op Homself. As Verlosser is Hy die Koning aan die regterhand van God wat deur sy aktiewe regering die kwade bestry. Hy is die Koning wat gekom het om koers aan soekende en swerwende mense te gee. Hy het die Koninkryk naby gebring, en Hy regeer deur die Heilige Gees binne die werklikheid waarin ons leef.

Maar ons sien dit dan nie! Ons sien net die werke van die bose! Dit is soos ons dit beleef. Dit is egter nie so nie. Waar ons in eredienste bymekaarkom, waar mense aan mekaar goed doen en liefde betuig, waar gebid word, waar vrede is, waar sondaars tot bekering en waar die mooie en die edel dinge sigbaar word – daar sien ons die tekens van Christus se regering. Dit sal ook nooit verdwyn nie. Deur sy Gees rus Hy ons toe om sulke tekens in ons eie lewe op te rig en deur ons dade ook in die lewe van ander.

Christus regeer ook deur ons werke, selfs deur die klein dingetjies. Christus regeer in ons en deur ons totdat ons eendag saam met Hom in ’n Koninkryk van vrede sal regeer.

*Sing: Psalm 110:1-3 (1936)*

*Prof. JM (Koos) Vorster (Emeritus)*